



**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA**

**TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule vir die Algemene Jaarvergadering gehou by Bains Game Lodge,  
BLOEMFONTEIN op 21 Augustus 2015 om 10:00**

**Minutes for the Annual General Meeting held at Bains Game Lodge,  
BLOEMFONTEIN, on 21 August 2015 at 10:00.**

---

Teenwoordig /*Present:*

Werner Gouws

Callie Barnard

Chris Hobson

Johan van Rijswijk

Stephan Welz

Carmen Welz

M van Niekerk

Ben Raath

Albie Rautenbach

Jim Bredenkamp

Cornelis Rautenbach

Liezel Grobler – Sekretaresse

Bossie Coetzer

Ben Rossouw

Stephané Roos

Daniel Buss

Frans Burger

Dave Cawthorn

Gordon Gilfillan

Russell Clark

Edward Clark

SB Botha vir CH Rothmann

Dave Mullins

Chris Els – Sekretariaat/Secretariat

Gerdus de Klerk – Teg adviseur Stamboek

Charl van Rooyen – Tegniese adviseur

**1. OPENING & VERWELKOMING / OPENING & WELCOME** – Werner Gouws

Mnr Gouws verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

*Mr Gouws welcomed members present and opened the meeting with prayer.*

**2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR  
AFWESIGHEID / NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND  
APOLOGIES FOR ABSENCE**

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word gesirkuleer en onderteken.

*The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.*

**Verskoning/Apologies**

- |                     |                          |
|---------------------|--------------------------|
| 3. Boors Bornmann   | Kobus Oosthuysen         |
| Anthony Kitching    | Bienkie Weideman         |
| Oscar Johnson       | Vincent en Nellie Beukes |
| Steven Mains-Sheard | Abel Rautenbach          |
| Johan Burden        | Antonie Camacho          |
| Chris Rodgers       | Alwyn Marx               |
| Paul Grobler        | Casper Kriel             |
| Coenraad Slabber    | Lizette Vermaak          |
| Eddie Galpin        | Leslie Cook              |
| Pierre Mey          |                          |

**3.1 Lief en Leed / Joy and Sorrow**

Mnr Callie Barnard se skoonma, mnr Johan van Risjwijk se skoonma, mnr Leslie Cook se moeder, mnr William Biggs se moeder, mnr Chris Hobson se venoot, Trevor is oorlede gedurende die jaar.

*Mr Callie Barnard's mother in law, mr Johan van Rijswijk's mother in law, mr Leslie Cook's mother, mr William Biggs' mother and mr Chris Hobson's partner, Trevor died during the year.*

**4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING  
GEHOU OP 22 Augustus 2014 /APPROVAL OF THE MINUTES OF THE  
PREVIOUS MEETING ON 22 Augustus 2014.**

Die notule van die vergadering word goedgekeur. Voorgestel mnr Rossouw, gesecondeer mnr Barnard.

*The minutes of the meeting was approved. Suggested by mr Rossouw, seconded by mr Barnard.*

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE / MATTERS ARISING FROM  
MINUTES**

5.1 Geen/none

**6. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA  
Sien Punt 7 op die agenda / See item 7 on the agenda**

## 7. NUWE SAKE / *NEW BUSINESS*

### 7.1 Portefeuljies Verslae:

#### 7.1.1 **Presidents Verlsag / *President's Report*** – Werner Gouws

Dit is met verbasing dat ek besef nog n jaar het so vinning verbygevlief.  
Weereens 'n opwindende goeie jaar vir die Tuli Ras en sy gemeenskap.

Dank aan ons Skepper wat elke dag die krag vir ons gegee het om ons daaglikse take te verrig. Ons is so bevoorreg om met God se skepping te kan boer.

We look forward in anticipation to what the next year will bring. Slowly but surely there is a positive incline in Tuli herds in South Africa and amount off animals participating in animal recording with logix. Our member has increased from 69 in 2013 to 77 at the end of 2014, which is proof of all the work we as the society do in promoting the Tuli breed. The Tuli has stood strong in every region in South-Africa and neighbouring countries showing how versatile and easy adaptable the Tuli is.

Die mees belangrikste is dat die Tulis n merkwaardige jaarlikse groei toon van meer as 15% in diere getalle. Die aantal geregistreerde diere het die 10 000 kerf oorskry in 2014 en staan nou op 10518 gerigestreerde diere by stamboek.

Reeds in April 2014 het die Genootskap se delegasie in Zambia gaan kuier. Sodoende is internasionale bande vesterk, kudde besoeke gedoen en nuwe telers gewerf. Dit is merkwaardig om te sien hoe goed die Tuli homself in verskilende klimaat en bestuurs omstandighede kan aanpas.

Keuring het voorspoedig verloop. Alle telers sowel as ons buitelandse telers in Namibie en Zambia het kudde besoeke en Keurings ontvang. 1000 plus diere was geinspekteur, wat n groot prestasie is. Dankie aan al die keurders vir julle tyd en bereidwilligheid om die belangrike taak vir die Genootskap te verrig. Julle poging word hoog op prys gestel.

Ons dinee en algemene jaarlikse vergadering het soos ouder gewoonte in Augustus 2014 plaasgevind. Dit is lekker om op n meer sosiale vlak saam met mede telers, personeel en media te keer. Baie geluk aan al die telers wat toekenings ontvang het vir besondere kudde prestasies deur die loop van die jaar. Julle skep n goeie grondslag vir mede telers met betrekking tot teeldoelwitte.

It is my honour to welcome Mr Charl van Rooyen on board our Tuli Family. He is appointed as technical advisor as from March 2015. His experience in the cattle industry belief to be a fundamental advantage to our breed for the upcoming months. We trust the Tuli breed will only benefit from his input and knowledge in the veld. I urge our breeders to make use of his services. After all, it is the small things that makes a big difference in our daily management skills.

Dit was vir my 'n voorreg om vir 2 jaar as Voorsitter op die Raad te dien. Hiermee my dank aan elkeen van jul wat jul vertrou in my as Voorsitter geplaas het. Hierdie was 'n opwindende twee jaar met baie besluite en veranderinge en was dit vir my voorwaar 'n voorreg om saam met my mede Raadslede te werk. Die Raad het vir twee agtereenvolgende jare onveranderd gebly, Dankie vir al jul insette, moeite en bereidwilligheid

Dit was nie altyd maklik om die regte besluite te neem ten aanwys van ons lede en die genootskap nie. As mens moet terugkyk na die afgelope twee jaar, dink ek ons het ons goed van ons taak gekwyt. Daar was sekere doelwitte aan die begin van die termyn gestel wat almal wel bereik is. Die toekoms van die Tuli Genootskap en Ras in Suid-Afrika is so groot, met n goeie bestuurspan agter hom is enige iets moontlik. My raad aan die nuwe bestuur is..... Stel doelwitte op en hou daarby.

I wish to thank the administration and work done by our secretary Jeanne and also Mr Chris Els. Your contributions are much appreciated. Jeanne left to further her studies and we wish her the very best. We also welcome back Liezel and thanking her for all her time and efforts she invest in the Tuli

Groot dank aan Stamboek en sy personeel. Dit is lekker om saam met so gedugte span te kan werk. Ons is almal bewus van al die moeilike omstandighede en uitdagings wat elke dag op n professionele wyse bestuur word. Van die ponskamer tot hoofbestuur. Al julle harde werk word raakgesien en waardeer. Die wyse waarop daar gedurig Produktontwikkeling en navorsing gedoen word, bewys dat julle op internasionale vlak kompeteer. Dit is n voorreg om deel te wees van n wenspan.

I conclude. To be a farmer in South Africa is not easy. Improvisation is needed on a daily basis. To farm with Tuli makes it easier. The Tuli is the most fertile indigenous breed and Tuli farmers are Intelligent Poll and Profitable. I am proud to be a Tuli Stud Breeder and privileged to know and have each and every one of you as co Tuli Stud Breeders.

### **7.1.2 Tesouriers Verslag / *Treasurer's Report* – Alwyn Marx**

Finansiële verslag: 01 Julie 2014 – 30 Junie 2015

Die Genootskap sluit die 2015 jaar af met 'n Verlies van R 15 254.00, teenoor die wins syfer van R103 504.00 in 2014. Dit is wel 'n groot verskil maar ek glo om die regte redes. Die Raad bedank elke teler vir die goeie bestuur van hul Genootskapsrekeninge, waarsonder dit nie moontlik sou wees om die projekte wat hierdie jaar geloods was finansiëel te ondersteun nie. Ons het 'n redelike sprong gewaag in terme van bemerking waaroor u meer sal hoor in die bemerkingsverslae en steeds 'n kleiner verlies gemaak as in 2009 en 2010. Dit was weereens in 2015 nie nodig om enige rekeninge af te skryf as oninbaar nie. 'n Baie groot dankie hiervoor.

Aan die **Algemene Inkomste kant**, het ons 14.72% meer (R960 485.00 vs R 837 246 in 2014) ontvang wat 'n goeie teken is in terme van diergetalle. Ons is een van die min genootskappe wat elke jaar goeie tekens van groei toon. Daar is in totaal 0.6% meer Ledegelde ontvang, en 7.7% meer Per Kapita. Albei hierdie syfers is 'n funksie van groei in lede- en dieretalle. Die Stamboekfooie is ook heelwat hoër (22%), wat ook dieselfde verklaring het. Die groei is wel persentasie gewys laer as verlede jaar maar mens gaan nie elke jaar nuwe telers kry wat groot aantal diere koop soos in die 2014 finansiële jaar nie.

Die groot sprong die jaar kom aan die **Algemene Uitgawekant**. Hier het ons 'n verhoging van 34.03%(R722370.00 in 2014 tot R968 208.00 in 2015) Dit is 'n funksie van verskeie faktore.

- Die grootste bykomende uitgawe, is die professionele dienste waarvan ons gebruik maak wat R125 111.00 beloop het. Nou ons kon seker daarsonder 'n wins van R109 857.00 gehad het wat beter as laasjaar sou wees, maar ek dink ons werk is nie om geld te maak as 'n Genootskap nie maar eerder om die belange van elke teler op die hart te dra. Ek voel dus die aanstelling van Mnr. Charl van Rooyen was 'n stap in die regte rigting om die Genootskap te sterk in terme van telerbelange al is dit net om selfondersoek te doen en om probleemaspekte te identifiseer wat ons in die toekoms meer mededingend teenoor ander rasse kan maak. Die grootste wins wat ons kan maak is om soveel as moontlik kommersiële kopers vir ons Tuli's te kry.
- 'n Verdere verhoging is Bemarking en Publisiteit met 43.06%(Ons het laasjaar 'n 66% daling gehad) wat weereens toon dat ons poog om die Tuli meer bloot te stel.
- Sekretariële Diensfooie is op met 13.2%, wat weereens die groei in die Genootskap asook die inflasie-verwante koste-aanpassing weerspieël.
- Reis- en verblyfkostes is op met 33% maar ons het laasjaar 'n verlaging gehad van 35% . Dit is dus amper weer dieselfde as in 2013. Dit word grootliks bepaal wie waarheen moet ry vir vergaderings en keurings.
- Nampouitgawes is op met 18.9% grootliks agv reiskoste omdat meer telers van ver Nampo beman het.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om telers te versoek wat meer as 90 dae uitstaande is om asb. hul rekenings te vereffen. Dit sal ook tot ons voordeel wees as die res so vinnig as moontlik gevorder kan word sodat ons die kontantvloei so gesond as moontlik kan hou. Dit maak dit net makliker om meer terug te ploeg in ons Genootskap.

For the English guys. Thank you for the opportunity. Drive home safely

Mnr van Niekerk doen navraag oor die fakturering van keurings. Mnr van Rijswijk noem dat die teler in die verlede self die geld aan die keurder betaal het, maar dit het probleme geskep. Die Genootskap faktureer dus nou die teler en krediteur die keurder se rekening ('n geld in, geld uit transaksie). Mnr van Riswijk noem dat dit op die 2015 finansiële state sal verskyn.

Mnr Gouws noem dat tydens die laaste Raadsvergadering besluit is om 'n versoek aan die lede vir 'n 15% verhoging in per kapita vir goedkeuring voor te lê by die AJV. Mnr Barnard noem dat mnr Charl van Rooyen vir 6 maande aangestel was – indien hy vir nog 'n jaar aangestel word as tegniese adviseur word 'n 15% verhoging versoek om sy onkoste te betaal. Mnr Gouws noem dat die verhoging ook terugwerkend in werking moet tree, dus vanaf 01/07/2015.

*Mrs Nyreen Downie queries what the breed advisor's function is. Mr van Rooyen will show a presentation later about the work he do. Mr Barnard gives a quick summary of his duties. Mrs Downie is satisfied.*

*Mr Clark mentioned that one of the other breeds have a promotion levy on all approved animals during inspection as extra income. He suggest that it must start off at R25-00 per animal that's been inspected. Mnr Welz suggest that it must be on all animals put forward for inspection. Mr Tom Roberts queries if this include base animals. Mrs Welz suggest that it must be on base, A, B and SP animals. Mnr Downie suggest that it must be on all approved Base animals. Mr Hobson seconded and mentioned that it will be easier for the secretary as she only receive the info of the approved base animals.*

Mnr Mullins stel voor dat die 15% verhoging in per kapita asook raspromosie heffing van R25-00 aanvaar word.

Mnr Mullins doen navraag rondom telers met gelde 90dae+ uitstaande. Hy stel voor dat die diere ge-deregistreer word. Mnr Els noem dat so 'n lid opgeskort kan word en geen dienste aan hom gelewer word tot hy sy gelde betaal het nie. Mnr Mullins is tevrede en noem dat die Grondwet toegepas moet word en lede opgeskort word.

Na 'n stemming per hand is die meerderheid stemme ten gunste van die 15% verhoging op per kapita en dat dit in werking tree vanaf 01/07/2015.

Na 'n stemming per hand is die meerderheid stemme ten gunste van die raspromosie heffing van R25-00 per dier wat aangebied word vir keuring. Hierdie tree in werking vanaf 21/08/2015.

Mnr Raath noem dat onvoorsiene uitgawes soos die Groot Ontbyt baat sal vind by die

raspromosieheffing. Mnr Botha sekondeer.

Mnr Bredenkamp noem dat “backpayment” altyd ‘n probleem gaan wees indien besluite in Augustus na die finansiële jaar reeds begin het geneem gaan word en stel voor dat die Raad hierna moet kyk.

Mnr van Rijswijk noem dat die besluite rondom die verhoogde per kapita en raspromosie heffing nie by die AJV aanvaar kan word nie omrede die Grondwet noem dat 'n mosie 30 dae voor die AJV aan die lede gesirkuleer moet word. Mnr Barnard sekondeer en stel voor dat ‘n buitengewone AJV gehou word en besluite aan die lede gesirkuleer word. Almal is tevrede.

**7.1.3 Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2015 /  
*Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2015***

Die finansiële state word goedgekeur. Voorgestel mnr Mullins, gesekondeer mnr van Rijswijk.

*The financial statements was approved. Suggested by mr Mullins, sekonded by mr van Rijswijk.*

**7.1.4 Aanstel van Ouditeure/ *Appointment of Auditor***

Christi Wagenaar word heraan gestel as Ouditeure. Voorgestel mnr Rossouw, sekondeer mnr Barnard.

*Christi Wagenaar was reappointed as Auditor. Suggested Mr Rossouw, secondated Mr Barnard.*

**7.1.5 Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee***

**- Joernaal / *Journal*** - Callie Barnard/Lizette Vermaak

Hopelik sal u almal met my saastem dat die 2015 Tuli joernaal voorwaar ‘n pronkstuk is. Dankie vir almal se meewerking. Ons het gepoog om ‘n goeie mengelmoes van tegniese en aktuele artikels te plaas met nuus van die Buitelandse telers daarby om regtig iets vir elkeen te kan bied – van die stoetboer tot die kommersiële teler. Hierdie jaar het ons ‘n hele paar nuwe adverteerders ook bygekry danksy ‘n paar raadslede se hulp.

Ons het ook die oplaag verhoog van 1500 na 3200. En steeds het die joernaal byna R20000 se wins vir die genootskap gegenereer na alle kostes verhaal is. Die verhoogde oplaag is gedruk om meer joernale te kan versprei tydens Nampo, Agri Megaweek in September in Bredasdorp asook ‘n paar ander beoogde Boeredae. Elke adverteerde het ook afhangende van die grootte van sy/haar advertensie ‘n

paar joernale ontvang.

Daar is egter steeds joernale by die kantoor beskikbaar indien u sou belangstel om joernale te versprei by u naaste kooperasie of boerevereniging. Skakel gerus vir Liezel in hierdie verband.

Ons het ook baie goeie terugvoer ontvang van die Zambiese lede na aanleiding van die tegniese artikels en die vertalings wat daarvan gedoen is, asook dankbetuiging vir die gedeelte rondom hulle verslae. Dit laat almal deel van die Tuli familie voel.

Ons hoop om sommer nog meer bydraes van ieder en elk ten ontvang vir die 2016 joernaal waaraan ons eersdaags gaan begin werk. Vir enige inligting is u welkom om Lizette te kontak by [herefords@vodamail.co.za](mailto:herefords@vodamail.co.za), 082 4122 868 of Callie Barnard by 082 5615 216.

Mnr Barnard lees ook 'n skrywe voor ontvang vanaf mev Downie van Zambië. Sy stel voor dat daar in die nuwe joernaal indien moontlik die diere wat op veilings aangebied gaan word ook in die joernaal moet plaas.

Mnr Gouws bedank mnr Barnard vir al sy insette in die joernaal en vir al sy hulp.

#### **- Algemene Bemarking / *General Marketing* – Ben Raath**

Mnr Raath gee terugvoering aan die lede wat met hul gelde gebeur wat hulle jaarliks betaal - internet, facebook, webblad. Hy nooi lede uit om hiervan gebruik te maak om diere te bemark/inligting van boeredae/speen uitslae.

Landbouweekblad (smalls – veilingsdatums word gratis adverteer). Elite platinum toekenning wat die Eksteen's gewen het kry die Genootskap 'n gratis halfblad advertensie in die Landbouweekblad. Bylaag in Landbouweekblad het verskyn (volblad advertensie en artikel).

Farmers Weekly – smalls of the office contact details and upcoming auctions. Mr Raath suggest that in future an article must be add as a lot of upcoming farmers are reading the Farmers Weekly.

Veeplaas – September 2014 voorblad en Keith Ramsey het artikel geskryf. Mnr Raath noem dat 'n jaar kontrak met Veeplaas gesluit word. Telers kan gratis by insetnuus veilingsuitslae, boeredae, kursusse ens plaas. Hy doen 'n beroep op telers om doe inligting in te stuur na [tiny@veeplaas.co.za](mailto:tiny@veeplaas.co.za).



Pro Agri – the contact details of the office.

Tuli naambord by SA Stamboek gebou opgesit.

Groot ontbyt – mnr Raath bedank mnr Welz vir sy bereidwilligheid. Hy noem dat die blootstelling baie goed was.

Management book– mr van Rijswijk have drawn up a management book that will be post to the members.

Mnr Welz stel voor dat die tuisblad verkoop word aan telers per maand. Mnr van Rijswijk noem dat dit nie moontlik sal wees nie omrede daar meer as een veiling per maand plaasvind. Hy stel voor dat die nuwe raad na die webblad sal kyk en terugvoering aan die lede sal verskaf. Mnr Welz stel voor dat daar dan bv 8 verskillende advertensies op die tuisblad verkoop word wat dan roteer.

Hierdie punt word verwys na die volgende Raadsvergadering. Mnr Welz noem dat hy ‘n voorstel tydens die volgende raadsvergadering sal voorlê vir die raad. Almal is tevrede.

Mr Rautenbach encourage breeders to send photo's to the office that can be added to the webpage. Mr Gouws secunded.

- **Nampo** – Ben Raath

Mnr Raath bedank die telers wat tydens Nampo gehelp het. Hy noem dat daar minder besoekers was. Hy noem dat die uitleg van Nampo verander het. Hy noem dat Nampo ‘n vertoonvenster is vir die ras.

Mr Welz enquiry about the animals that will go to Nampo 2016. Mr Raath mentioned that Council already drawn up a list that must be followed when choosing an animal.

Mnr van Rooyen is besig om diere te soek soos hy kuddes besoek. Hierdie diere moet voor 1 Desember 2015 gekies wees sodat die telers in kennis gestel kan word. Mnr Raath noem dat drie diere genomineer gaan word en die Genootskap R1 000-00 per dier gaan voorsien vir diere om op standaard te wees.

Mr Buss mentioned that the DVD received a positive reaction. Mr Raath mentioned that members must contact the office should they want more DVD's and journals for marketing.

Mnr Mullins stel voor dat die Z-folds in 'n 3de taal vertaal word. Mnr van Rooyen noem dat die Bonsmara's baie geld spandeer het om pamflette te vertaal en dat die persone steeds engelse pamflette verkies. Die Raad sal hierdie opvolg.

Mnr Bredenkamp doen navraag oor die koop van klere. Mnr Raath stel voor dat die klere tydens die AJV beskikbaar moet wees.

**7.1.6 Verslag deur Rasadviserende komitee / Report by Breed advisory committee - Johan van Rijswijk, Chris Hobson**

As ons dink aan die tuli het elkeen van ons 'n pentjie in ons kop. Party van ons sien mooi tuli koeie met kallers, ander sien 'n mooi bul of dalk 'n mooi trop vroulike verse. Ongelukkig is ons in die Suid-Afrikaanse mark wat groot en deels speen kallers aan die voerkraal lewer met enkele persone wat osse bemark. Ons moet onthou dat 'n Jersey of Nguni nog steeds mooi is vir die boer wat met hulle boer, maar die voerkraal is allergies vir hulle kallers. Wat gebeur as die rasse wat swakker as ons is, nie meer deur voerkrale gekoop word nie? Wat is die volgende ras waarteen die voerkraal gaan begin diskremineer? Is dit dalk die Tuli?

Ons moet versigtig wees hoe ons die ras bemark. Ons moet oppas om 'n golf te probeer ry wat nie bestaan nie.

Ons is nou nog die vrugbaarste inheemse ras, maar die statistiek is kommerwekkend. Ons gemiddelde TKP is nou nog 408dae maar vir die 2013 se 12mnde was dit 391dae, vir die 2014 seisoen is dit 427dae oor 12mnde. Hoe lank kan ons nog die Tulis as die vrugbaarste inheemse ras bemark? Die speenkalf mark soek min of meer kallers van 200kg tot 220kg. Ek sal graag wil hê dat ons diere in 'n goeie seisoen binne die ideale gewig val.

Ons manlike diere speen gemiddeld 198kg waar die gemiddeld van die ander rasse wat by SA Stamboek gemeet word 224kg is. Gemiddelde vroulikke diere van die Tuli speen 182kg en die ander rasse 207kg. Dit is min of meer 25kg minder as die gemiddeld van die ander rasse.

Die enigste manier om by te bly met die mark is om ons diere te meet. Prestasie aantekening is al verpligtend en ons sal beslis 'n verbetering op ons diere se teelwaardes sien en meer akurate statistiek. Ons moet ook probeer om Tuli's aan verskeie proewe bloot te stel. Dit is belangrik om ons diere in die voorgrond te kry.

Ons as raad het reeds rasstandaarde verskerp en prestasie-meting in plek gesit,

maar ons kan nie die werk vir die lede doen nie. Ek doen 'n beroep op al die lede om hulle data in te stuur.

Die tweede stap wat ons moet beseef is dat ons as telers seleksie moet uit oefen om ons diere, maar ook die Tuli-ras te verbeter. As ons as telers alle teel-diere uitsakel wat nie aan rasstandaard voldoen nie, en ook jong diere wat swak presteer het met hulle prestasie meeting, sal die ras jaarliks verbeter. Ons moet mooi onthou as jy eers aanvaar dat jy gemiddeld is, jy nooit die beste sal wees nie. **EK WIL GRAAG MET DIE BESTE BEESTE OP MY PLAAS BOER.**

**7.1.7 Verslag deur Grondwet komitee / Report by Constitution committee - Callie Barnard**

Mnr Barnard noem dat beide die Afrikaans en Engelse grondwet opdatum is. *Mr Barnard mentioned that both Afrikaans and english constitution are up to date.*

**7.1.8 Verslag deur Stamboek komitee / Report by Studbook committee – Werner Gouws**

Mnr Gerdus de Klerk, tegniese adviseur van Stamboek lewer 'n kort opsomming en noem dat telers hul geboortes moet instuur.

*Mr Gerdus de Klerk, technical advisor of SA Stud Book give a summary and encourage members to send in birth notifications.*

**7.1.9 Inspeksie verslag /Inspection report – Albie Rautenbach**

Mnr Rautenbach bedank al die keurders wat keurings gedoen het. Hy noem dat geen probleme ondervind is waarvan hy bewus is nie.

Mnr Daniel Buss is bevorder tot Senior keurder. Mnr van Rooyen is beskikbaar indien kuddebesoeke verlang word.

Die keuringskursus is uitgestel tot vroeg volgende jaar. Hy noem dat hy aan 'n keurdersboekie werk vir die keurders.

*More or less 1 600 animals was inspected from 01/07/2014 – 30/06/2015 of which Stefan van Wyk inspected 1 200. He mentioned that only 5 of the senior inspectors did inspection in this time. He encourage members to make use of the Society's inspectors as there is a lot of young inspectors that needs exposure.*

Mnr Raath stel voor dat foto's van afkeur diere bymekaar gemaak word vir keuringskursusse. Foto's moet aan mnr Albie Rautenbach gestuur word by [raueasy@telkomsa.net](mailto:raueasy@telkomsa.net)

### 7.1.10 Buitelandse verteenwoordigers

#### 7.1.10.1 Namibië – Bossie Coetzer

Mnr Coetzer noem dat die die telers op 7 Augustus bymekaar gekom het vir 'n vergadering. Hy noem dat die Namibiese telers deel wil word van die SA Tuli Genootskap, maar die koste te duur is vir die blootstelling wat hulle daaruit kry. Hy noem dat hulle van Stamboek se dienste gebruik wil maak om hul diere te registreer. Hulle het 'n behoefte om hul eie genootskap te behou, maar 'n band moet gehou word tussen die 2 genootskappe. Mnr Els noem dat dit moontlik is en dat die rasstandaarde dieselfde gehou kan word, maar daar verskille sou kon wees. Mnr Hobson noem dat dit Namibië se besluit is. Hy noem dat hulle 'n aparte rekening sal hê wat hulle aan SA Stamboek sal betaal. Mnr Coetzer is tevrede.

#### 7.1.10.2 Zambië – Chris Rodgers

It is with regret that I have been unable to attend the AGM in person to present this report but never the less a pleasure to write this report on the Tuli breeds progress in Zambia since the very early imports by the late Ronnie Landless of bulls from Zimbabwe in the early 1980's into Zambia to now where there are six registered stud breeders with the SA Stud Book and possible seventh and eighth breeders to register in due course. These registrations' of new stud herds to the far north of Southern Africa is of great progress and promise for the breed to expand and have a significant impact on the beef industry for Zambia. We are most grateful to the South African stud breeders for selling female stock and supporting us Zambian Tuli cattle breeders in our endeavours to expand and influence the Tuli genetics into what has been a Brahman/Boran/Bonsmara dominated market in Zambia. Several breeders way back in 2005 had been wanting to purchase stud stock from Zimbabwe but because of the political circumstances in that country they had been unable, other than a very recent small window period that a small number of stud animals were permitted to be exported into Zambia. So A Big Thank You to YOU The South African Stud breeders for sharing your genetics' to us Zambians!

The Zambian stud breeders have been fortunate in purchasing stock from South Africa in the past four years and in my travels have seen some great progeny from these importations. I might add here that in our experience in importing from such a distance, that the cattle have to endure the quarantine periods, needles stuck into them for the numerous tests as part of the importation regulation and thousands of kilometres they have to travel before they reach their final destination - the Tuli breed has adapted to the Zambian harsh sub-tropical conditions extremely well, albeit anything up to two years of full adaptation.

I might add here that the most northern the breed has reached is close to the DRC border and the bulls had travelled a 2,975 km journey beginning in the Eastern

Cape. I saw these bulls recently having come out of their second breeding season and looking extremely thrifty and rugged. I look forward to seeing their crossbred progeny this coming summer. There are over 20 commercial cattle farmers using Tuli bulls in their breeding program and others showing interest which is encouraging for the Zambian Stud breeder.

With no further to report other than to say we Zambian breeders look forward to a long relationship with SA Tuli Breeders and Tuli breeders in general around the world, I thank you for your attention to this read report.

*Mr Tom Roberts mentioned that they were from the first breeders to import Tuli's from South Africa. He mentioned that they still have a problem to import semen from South Africa as there is no protocol. He ask council to follow this up with the Registrar.*

*He mentioned that they will have a bull sale in September 2015.*

#### 7.1.10.3 Tegnieuse Adviseur – Charl van Rooyen

Mnr van Rooyen maak gebruik van elektroniese skyfies om te verduidelik wat hy die afgelope 5 maande in die veld gesien het terwyl hy telers besoek het. Hy noem dat dit sy eie mening is wat hy gesien het.

Hy noem dat hy ongeveer 50% van die lede reeds besoek het, 4 veilings bygewoon het en 1 keuring saam met mnr Gouws gedoen het. Hy noem dat sy reiskoste R10 000 per maand is.

Mnr van Rooyen noem dat hy baie positief tov van vroulike diere is itv: vrugbaarheid, maklike kalwing, moeder eienskappe, aanpasbaarheid, langlewendheid en maklik hanteerbare diere, maar dat hy nie so positief is oor die bulle tov: Groot variasie in terme van konformasie, swak kote, ens.

*He mentioned that the biggest problem the testis of the bulls is (size of the testis is too thin and small).*

*Mr van Rooyen suggest that animals that have cull faults must not be put forward for inspection.*

*Mnr van Rooyen mentioned that the amount of top stud bulls are too less. He suggest that a young bull AI scheme must be consider so semen can be available.*

Mnr van Rooyen noem dat hy meer eenvormigheid tov kleur wil sien. Hy noem dat hy 'n probleem het dat te min telers na-speen gewigte aanteken. Hy doen 'n beroep op telers om fase D toetse te doen. Hy noem dat hy 'n beter gemiddelde

daaglikse toename by die Tuli's sou wou sien en is bekommerd oor die na-speen gewigstoename. Hy doen 'n beroep op telers om “RTU scanning” te doen op fase D getoetsde diere.

Mnr van Rooyen noem dat die Tuli nie verander moet word nie, maar dat hy tog meer bespierung in die tuli wil sien en meer breedheid in die bek. *Stronger bone on bulls. More capacity in cows.*

*Be aware of too big frame cows, flat, cylindrical cows.*

*Breeding goals – what do we want to achieve? How can we improve marketing? Visibility of the tuli is not enough. More research must be done. More advertising in Landbouweekblad, Veeplaas, Farmers Weekly, ect.*

## 7.2 Veilingsdatums / Sale Dates 2015

KRM en HBH	26 Augustus
Glen Heath Tuli's	24 September
Eira Tuli's	8 Oktober
Go West Tuli's veiling	15 Oktober

Mnr van Rooyen doen navraag oor Mega Week. Mnr Hobson noem dat hy, mnr van Rijswijk en mnr van Rooyen hieroor sal gesels.

## 8. BYVOEGINGS / ADDITIONS

### 8.1 Bylaag Landbouweekblad voorlegging – C Barnard

Mnr Barnard noem dat Landbouweekblad hom gekontak het en dat hulle ‘n verhouding vestig met spesifieke telersgenootskappe. Hy noem dat sekere genootskappe ipv ‘n joernaal ‘n bylaag uitbring wat as insetsel by die Landbouweekblad gevoeg word. Hy noem dat die nuwe raad hierna sal kyk en ‘n voorstel aan die lede sal sirkuleer.

### 8.2 Goedkeuring van veilingsreëls/Approval of auction rules

Mnr Welz stel voor dat die veilingsreëls aanvaar word. Almal is tevrede.  
*Mr Welz suggest that the auction rules are accepted. Everyone agree.*

### 8.3 Produksie syfers – Carmen Welz

Mev Welz maak gebruik van ‘n tabel om die gemiddelde speengewig oor die jare min of meer dieselfde gebly het en dit nie verander kan word nie. Sy noem dat die dier nie verander kan word nie – die tuli is ‘n medium raam dier. Die koei:kalf verhouding bly dieselfde oor die jare. Mnr Clark noem dat hy saam stem met mev

Welz, maar noem dat telers moet let dat TKP by bestuur van die kudde kom; hy noem dat TKP verbeter kan word.

**9. VERKIESING VAN RAADSLEDE / ELECTION OF COUNCIL MEMBERS.**

Callie Barnard – President

Ben Raath – Vise-President/Vice President

Russell Clark – Raadslid/Council Member

Albie Rautenbach – Raadslid/Council Member

Ben Rossouw – Raadslid/Council Member

Johan van Rijswijk – Raadslid/Council Member

Werner Gouws – Raadslid/Council Member

**10. BENOEMING VAN SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER /  
APPOINTMENT OF SA STUD BOOK REPRESENTATIVE**

Mnr Werner Gouws word herverkies as Stamboek verteenwoordiger.

*Mr Werner Gouws was re-elected as Stud Book representative.*

**11. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING / DATE OF NEXT MEETING**

Die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering sal deur die Raad aan die lede bekend gemaak word.

*The date of the next Annual General Meeting will be announced by the Council.*

**12. AFSLUITING / CLOSURE**

Mnr Gouws bedank almal vir hulle insette en sluit af met gebed. Die vergadering verdaag om 14:00.

*Mr Gouws thanked members for their attendance and participation in discussions and closed the meeting with prayer. The meeting adjourned at 14:00.*